



Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

25 Mei 2022
Nuusbrief No 18

Liewe Ouers,

Baie, baie dankie vir elke bydrae vir die skool se verjaarsdagpartytjie. Dit word so baie waardeer. Ons beplan 'n baie lekker oggend met pret en plesier en heerlike speletjies!

Personeel:

- Vandag groet ons vir Juffrou Karen van die Kalfieklas, hoewel sy nog tot 31 Mei aanbly.
- Sy het 'n wonderlike geleentheid as Dosent gekry en hoewel ons haar baie gaan mis, weet ons dat haar opvoedingstaak nou net op 'n ander vlak gaan geskied.
- Karen, ons groet jou met Psalm 91:1 - "Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."
- Dankie vir al die jare se liefde, lojaliteit en sigbare geloof. Ons gaan jou mis.

Snoepie: Vrydag 27 Mei 2022:

- Parkieland het die geleentheid gekry om die Laerskool se snoepieverkope vir die dag te hanteer.
- Baie dankie aan Charlene van Rooyen, ons Ouerkomitee Voorsitter en haar span Ouerkomiteelede wat die projek binne 'n paar dae gereël het sodat Parkieland voordeel daaruit kon verkry.
- Baie dankie aan die ouers wat help met verkope, wat skenkings gemaak het, aankope gedoen het en gaan help om tafels te versier, plakkaat gemaak het, ensovoorts.
- ELKE PARKIELANDKLEUTERTJIE KAN R5 BRING OM SNOEPIE MEE TE KOOP. ONS WIL NIE HÊ DIE KINDERS MOET MET GELD RONDLOOP NIE, DAAROM VERSOEK ONS DAT U DIT ASSEBLIEF AAN DIE KLASONDERWYSERES SAL OORHANDIG.
- Moet asseblief nie meer as R5 stuur nie, die pakkies word vooraf opgemaak, genoeg vir elke kind vir een pakkie. Ons wil hulle nie met suiker oorlaai nie.

Mandjiemark: Projeknommer P741

- Baie dankie aan die ouers wat ekstra boekies neem om te verkoop, en sodoende wikkel met die kaartjieverkope.
- Ons herinner u dat die verkope 13 Junie eindig en die trekking vind 21 Junie 2022 plaas.
- U kan die Mandjiemark se gelde EFT en die bewys van betaling e-pos na parkieland@menlolaer.co.za.

Parkieland Verjaarsdag: Maandag 30 Mei 2022:

- Trek asseblief vir u kleutertjie sy/haar Parkiehempie aan met 'n warm baadjie bo-oor.
- Onthou... 'n PARTYTJIEHOED... is 'n MÓÉT!
- Die kinders gaan lekker speel en pret hê.



Gedagte vir die week:

"Die lewe bestaan uit keuses. Die hele dag, elke dag. Met wie ons praat, waar ons sit, waar ons gaan, wat ons sê en hoe ons dit sê. En so word ons lewens gedefinieer deur ons keuses. Dit is so eenvoudig én so gekompliseerd soos dit. En dít is kragtig."

♥ LEKKER ♥ VERJAAR ♥ PARKIELAND - 21! ♥

Hoop u het 'n wonderlike week verder.

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



HEMELVAART 2022

Donderdag, 26 Mei herdenk ons Hemelvaartdag.

Parkieland wens u 'n geseënde Hemelvaartdag toe.

GESEËNDE HEMELVAARTDAG!

En Hy het hulle uitgelei tot by Betánië.
En Hy het Sy hande opgehef en hulle geseën.
En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle
geskei
en is in die hemel opgeneem.
LUKAS 24:50-51

“Nadat Hy dit gesê het,
is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien,
en 'n wolk het Hom weggeneem ...”

HANDELINGE 1:9

